higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N510**(A)**(J6)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

MODETEKENINGE N5

(Eerste Vraestel)

(10010525)

6 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:00

BENODIGDHEDE: A4-tikpapier (meer moet beskikbaar wees vir rofwerk).

Kandidate benodig al die nodige kunsmedia en toerusting wat in Modetekeninge gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 4 bylaes (insluitend instruksies vir die TWEEDE VRAESTEL).

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MODETEKENINGE N5
(Eerste Vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Alle werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

5. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings, naamlik AFDELING A en AFDELING B.

6. Sketse wat op die TIKPAPIER gemaak is, moet in die ANTWOORDBOEK geplak word.

7. Die croquis op BYLAE A, BYLAE B en BYLAE C (aangeheg) mag gebruik word.

8. Skryf netjies en leesbaar.

LET WEL: BYLAE D (aangeheg) bevat die instruksies vir die TWEEDE VRAESTEL en moet sorgvuldig bestudeer word voordat die TWEEDE VRAESTEL geskryf word. Moet dit NIE tydens HIERDIE eksamen beantwoord nie.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die basiese kledingstuk van Skotland is die ...

A langbroek.
B kilt.
C sombrero.
D sari.

1.1.2 Die Romeinse periode was ...

A 1000 v.C.–500 AC.
B 2500–1100 v.C.
C 1920–1980.
D 1932–1940.

1.1.3 Die parka word algemeen gedra in ...

A Suid-Afrika.
B Indië.
C Turkye.
D Spanje.

1.1.4 Die militêre voorkoms was ‘n mode vir ...

A 1900.
B 1909.
C 1910.
D 1942.

1.1.5 Die dirndl-rompe was in die mode in ...

A 1952.
B 2000.
C 1830.
D 1620.

1.1.6 Die … is ‘n kort chiton.

A peplos
B ionies
C dories
D himation

GS

1.1.7 Die kledingstuk wat algemeen in Spanje gedra word, is die …

A sari.
B kilt.
C bolero.
D sarafan.

1.1.8 Die Nuwe Voorkoms ('New Look') was gewild in …

A 1947.
B 1662.
C 1927.
D 1956.

1.1.9 Die bakvissiestyl ('flapper style') was die mode in …

A 2003.
B 1956.
C 1927.
D 1820.

1.1.10 Die bolero is 'n kledingstuk wat algemeen in … gedra word.

A Spanje
B Suid-Afrika
C Suid-Korea
D Noordwes-Afrika

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Dit is algemeen bekend dat die mense van Meksiko die poncho dra.

1.2.2 In die Antieke Egiptiese periode is juweliersware van metaal gemaak.

1.2.3 Die chlamys was gewoonlik 1–2 meter wyd.

1.2.4 Die Vroeë Christelike periode was tussen 0–300 v.C.

1.2.5 Die houpelande van die Middeleeue was die kledingstuk vir mans.

1.2.6 Die doublet met vierkantige skouers was gedurende die Romeinse periode in die mode.

1.2.7 Die haarvlegselpruik ('pigtail wig') en die Ramilie-pruik was tydens die Rococo-periode in die mode.

Kopiereg voorbehou

1.2.8 In die neoklassieke periode is voorkeur gegee aan pluiskeile (‘top hats’).

1.2.9 Die hooftooisel 'frontage' was gewild gedurende die laat 17de eeu.

1.2.10 Die sari is ‘n kledingstuk wat algemeen deur Indiese dames gedra word.

(10 × 1) (10)

1.3 Kies ‘n woord uit KOLOM B om by ‘n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	‘n Plat skets in die klerebedryf	A	salva
1.3.2	Lang stuk kledingstof wat deur Indiese vroue gedra word	B	fardegalyn (‘farthingale’)
1.3.3	Rok met middellyn wat tot onderkant die buuste verhoog is	C	sari
1.3.4	‘n Onderromp (‘underskirt’) waaraan hoepels van verskillende groottes bevestig is sodat dit klokvormig uitstaan	D	peplos
1.3.5	Die Spaanse kostuum	E	monobuuste (‘monobust’)
		F	produksie

(5 × 2) (10)

1.4 Bestudeer die sketse hier onder en identifiseer die genommerde styllyne. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.



(5 × 1) (5)

1.5 Gebruik die 1922-mode as jou inspirasie om 'n informele damesrok te ontwerp.

Toon slegs die vooraansig. Jy mag die croquis wat voorsien is gebruik. Gebruik die kleurmedia van jou keuse. (10)

1.6 Gedurende watter historiese periodes is die volgende items gedra? Kies die toepaslike periode uit die opsies hier onder. Skryf slegs die periode langs die vraagnommer (1.6.1–1.6.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

Barok; Romeinse period; 1400–1599; Rococo; Antieke Egipte; Griekse periode

1.6.1 Forthingale
1.6.2 Haarvlegselpruik ('Pigtail wig')
1.6.3 Frontage
1.6.4 Lendedoek ('Loincloth')
1.6.5 Toga

(5 × 1) (5)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Bestudeer die skets hier onder aandagtig, en gebruik die croquis op BYLAE B (aangeheg) om produksietekeninge te maak. Toon die vooraansig en agteraansig van die kledingstuk wat deur die model in die skets gedra word. Hou AL die vereistes vir 'n goeie produksietekening in gedagte.

(25)

2.2 Bestudeer die sketse hier onder aandagtig. Gebruik die croquis op BYLAE A (aangeheg), en maak ‘n aanbiedingstekening (‘presentation drawing’) van ‘n figuur wat die uitrusting in die skets dra. Komplementeer die uitrusting met ‘n uitklokromp (‘flare skirt’). Toon die vooraansig en die syaansig. Voltooi die aanbiedingstekening met ‘n gepaste agtergrond en bykomstighede. Hou AL die vereistes vir ‘n goeie aanbiedingstekening in gedagte.

(25)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

BYLAE A

BYLAE B



BYLAE C



BYLAE D

INSTRUKSIES AAN KANDIDATE VIR DIE TWEEDE VRAESTEL

1. Gebruik die instruksies in hierdie bylae om voor te berei vir die formele eksamen van die TWEEDE VRAESTEL (X-vraestel),

2. Gebruik die gegewe tema om genoeg inligting bymekaar te maak vir die eksamen wat binne ‘n paar dae sal plaasvind.

3. Kandidate word toegelaat om geskrewe inligting, materiaalmonsters, bykomstighede, versiersels, tydskrifprente en ander benodigdhede in die eksamenlokaal in te bring ten einde ‘n stel modeborde (‘fashion boards’) en sketse oor die gegewe tema te maak, soos wat dit in die bedryf gedoen word.

4. Tydens die vyfuur-eksamen moet kandidate óf ‘n inspirasiebord en/of ‘n ontwerpontwikkelingsbord en/of aanbiedingstekeninge en/of produksietekeninge oor die gegewe tema maak. Dit sal nie vir die kandidate nodig wees om al die sketse in die ontwerpproses te maak nie. Die spesifieke sketse wat die kandidate oor die gegewe tema moet maak, sal aan die begin van die vyfuur-eksamen aan hulle gegee word.

5. **LET WEL:** Kandidate MOET NIE modesketse of modeborde in die eksamenlokaal INBRING NIE. Alle modesketse MOET tydens die vyfuur-eksamenperiode gemaak word.

6. Die eksamenvraestel bestaan uit DRIE vrae. Dit sluit in DRIE verskillende soorte sketse of borde oor die gegewe tema. Elke vraag of stel modeborde (‘fashion boards’) of sketse tel 100 punte. Die totaal van die tweede vraestel is 300 punte.

KANDIDATE MOET DIE INSTRUKSIES OOR DIE ONTWERPTEMA AANDAGTIG DEURLEES.

INSTRUKSIES OOR DIE ONTWERPTEMA

Gebruik die tema 'TERUG NA EDEN' as inspirasie en ontwerp ‘n informele klerereeks vir DAMES.

Versamel inligting, materiaalmonsters, tydskrifprente, bykomstighede en ander benodigdhede oor hierdie tema, vir gebruik in die vyfuur-eksamen wat binne ‘n paar dae plaasvind.

MOENIE enige modesketse of modeborde maak tydens die voorbereiding nie. ALLE tekeninge en modeborde MOET TYDENS DIE FORMELE EKSAMEN GEDOEN WORD. Die soort sketse wat jy moet maak sal op die dag van die eksamen aan jou gegee word.

Jy sal toegelaat word om alle inligting wat jy versamel het in die eksamenlokaal in te bring, maar geen modetekeninge sal toegelaat word nie. Croquis sal verskaf word.

Kopiereg voorbehou

Jy moet jou EIE tekenpapier en karton voorsien waarop jy die tekeninge moet doen. Karton is nodig om die finale modeborde af te rond. Dit moet ‘n A3-grootte wees en die kleur moet die reeks komplementeer om ‘n professionele voorkoms te gee. Netheid en aanbieding is belangrike faktore om in gedagte te hou.

Let daarop dat jy alles moet bring wat jy nodig het om tekeninge oor die gegewe tema te maak. Dit sluit in tekenpapier, kartonne, kleurmediums en alle versamelde inligting en benodigdhede wat jou werk professioneel sal laat lyk.

Kopiereg voorbehou